Uit die voorsitter se stoel
From the chairman's desk

GROETE AAN ALLE mede-lietsjie-boere uit die Onderberg. Die jaar het voorwaar gevlieg en 'n mens kan amper nie glo dat dit weer lente is en somer word nie.

By ons was pluimontwikkeling en blomvorming vroeër as verlede jaar. Hoewel die winter kouer as verlede jaar was, het ons reeds 'n paar warm dae van tot 37°C beleef. In sekere gebiede was blomvorming baie goed en ons hoop dat die warm dae nie vrugset gaan benadeel nie. John Spear berig dat Early Delight sy naam gestand doen en dat vrugontwikkeling baie vinniger as die van ander variëteite was. In hierdie stadium is watervoorsiening egter steeds ons grootste bekommernis en ons hoop dit sal spoedig reën.

'n Tendens op sommige plekke is dat die persentasie manlike blomme oënskynlik baie meer as vroulike blomme is. Dit kom nie net in die Onderberg voor nie, want Bobby Price vermeld dit ook in die Nelspruit-gebied. Ons sal egter eersdaags ná volle vrugset weet of dit regtig enige uitwerking op die oes gaan hê. Volgens Sakkie Froneman speel hoë dag- en nagtemperature tydens die eerste fase van blomontwikkeling 'n rol in die bepaling van manlike en vroulike blomme. Andersins was pluim- en blomontwikkeling in Nelspruit en Hazyview se gebiede goed. Soos in die res van die land gaan water egter bepaal hoe die totale oes gaan realiseer.

Uit die Tzaneen-gebied berig Don Westcott dat die pluime en blomme ook goed lyk maar dat vrugset nog in 'n vroeë stadium is. Water is egter ook daar 'n bekommernis en die Tzaneen-dam se vlak is baie laag.

Hy berig dat uitvoer na die VSA vanjaar gaan toeneem. Van die produsente se kant is 'n inisiatief geloods om uitvoer te koördineer en nie individueel te werk nie. Daardeur poog produsente om kwaliteit en kontinuïteit te handhaaf sodat die VSA-mark se groot potensiaal benut kan word.

Uit KwaZulu-Natal berig Ed Grantham dat die oes vanaf besproeide bome baie belowend lyk. Droëland-oeste is egter as gevolg van min reën baie kleiner.

In die Felixton-gebied vorder die vestiging van kleinboere baie goed. 'n Reeks vergaderings is met die kleinboere en tradisionele leiers gehou, gronde is geïdentifiseer en toestemming is verkry vir toegang tot water en elektrisiteit. Die plaaslike departement van Arbeid neem deel en 'n koöperatiewe model word ontwikkel waarin eienaars saamwerk en voordeel trek volgens hulle bydraes en insette. Die finale model gaan uit die kleinboere, kommersiële boere en die departement van Arbeid bestaan. Tans word gewag op finale toestemming van tradisionele leiers en die departement van Arbeid.

Ek wil weer eens vir Ed en sy span gelukwens met hierdie poging. Uit eie ondervinding weet ek dat dit harde werk vereis en met baie frustrasies gepaard gaan om so iets tot stand te bring.

Ed was deel van 'n tweeman-afvaardiging van KwaZulu-Natal wat die Internasionale Lietsjiesimposium in Indië bygewoon het. Hulle het onder meer ooreenkomste tussen kleinboere, navorsingsinstitute en regeringsinstansies ondersoek. Hulle het waardevolle inligting versamel wat plaaslik toegepas kan word om hulle model te ontwikkel en gevestig te kry.

Soos Regina Cronje was Ed ook opgewonde oor sommige van die na-oesbehandelings wat in Indië gebruik word, soos die behandeling met Salisielsuur wat hy hierdie seisoen self wil beproef.

In Julie het lede van Subtrop met verteenwoordigers van die Landbounavorsingsraad (LNR) vergader. Die Subtrop-span het bestaan uit Jaco Fivaz en Renald Radley van SAMGA, John Spear en myself namens SALGA en Derek Donkin van Subtrop. Die LNR-afvaardiging het uit dr Org van Rensburg, dr Mduduzi Ngcobo en Arthur Sippel bestaan.

'n Opvolger vir Sakkie Froneman sou teen die einde van Oktober aangewys word. Min navorsers beskik oor die regte kwalifikasies en die LNR wil nie 'n oorhaastige aanstelling maak nie, maar iemand aanstel wat die pos tot sy reg sal laat kom. Ons is verseker dat daar kontinuïteit is met die navorsing nadat Sakkie weg is. Die MSc-student wat onder Sakkie gewerk het en Arthur Sippel gaan met die navorsing voort. Die kruisbestuiwingsprogram gaan voort maar daar gaan nou meer gekonsentreer word op sekere van Sakkie se belowendste seleksies. John Spear gaan sommige van die kruisbestuiwingsproewe besoek om op hoogte van sake te bly.

Navorsing met ingevoerde variëteite gaan voort maar die boompies is nog klein en in hierdie stadium is daar nog min om te evalueer. Die LNR het Star Grow aangestel om die heffings (tantième) van die nuwe kultivar Early Delight te administreer. Heffingsgelde is nog nie beding nie maar dit gaan vir meer navorsing aangewend word. Tydens 'n besoek aan die boorde is gevind dat die bome goed lyk. Sake waarin Subtrop die LNR met insette en goedere kan bystaan om hul werk te vergemaklik te bespoedig en meer kostedoeltreffend te maak, is bespreek. Ek wil dr Org en sy span bedank vir hulle positiewe benadering en tegemoedkomendheid teenoor Subtrop. Die staat se ratte en veral "tempo" maak dit soms vir die LNR moeilik om sake te laat vorder soos ons dit graag sou wou beleef.

Ons sien uit na vroeë reën en goeie pryse!

Frik Joubert